Natuurwetenskappe en Tegnologie

# Onderwerp 7:

## Volume en Massa

MIKRO

WERK EN SKEP

## Graad 6

Video: les van skyfievertoning

https://youtu.be/Adx5wJ99qSM

Kliek hier om video te kyk

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Instruksies

- Jy moet self die werk in jou handboek deurlees of lees dit op hierdie skyfievertoning.
- Bestudeer alle sketse, figure en diagramme.
- Beantwoord die vrae in jou boek soos aan jou deurgegee.
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Vra jou ouers om dit saam met jou deur te gaan waar jy sukkel.
- Die memorandum sal ook volg – jou ouers moet jou werk saam met jou nasien wanneer julle die memorandum ontvang.
- Vrae kan aan my gerig word op Dinsdae tussen 09:00-11:00 per e-pos of Class Dojo.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Nasien van Oplossings deel 3 & 4

Vra jou ouers om jou hiermee te help. Die memorandum is ook gelaai om dit makliker te maak. Skryf asseblief jou verbeteringe langs die foute neer.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Volume, bl 78


## Wat is volume?

Die hoeveelheid spasie wat 'n voorwerp of stof opneem, word die voorwerp se volume genoem. Ons meet volume in eenhede wat milliliters of liters genoem word. Die afkorting vir milliliters is ml. Die afkorting vir liters is [l].

Volume is 'n belangrike eienskap van materie wat elke dag gebruik word. Ons koop byvoorbeeld 'n liter melk, of ons drink 5 ml medisyne as ons siek is. Ons meet volume sodat ons weet hoeveel van 'n stof ons het.




**Figuur 13** Ons gebruik maatsilinders om volume te meet.



**Figuur 14** Maak altyd seker dat jou oog in lyn is met die oppervlak van die vloeistof in die maatbuis.

parallaksfout

**Sleutelwoorde**


- **meet** om die grootte of hoeveelheid van iets uit te vind
- **volume** die hoeveelheid plek wat iets opneem
- **massa** 'n mate van die hoeveelheid materie van 'n stof
- **massameter** 'n instrument wat massa meet
- **maatsilinder** 'n instrument wat gebruik word om volume te meet

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Probeer self om volume te meet, bl 78

## Hoe om volume te meet

1. Gebruik 'n maatsilinder om volume te meet. 'n Maatsilinder is 'n meetinstrument. Maatsilinders kom in verskillende groottes en kan verskillende volumes meet. Kyk na die foto links met verskillende groottes maatsilinders.
2. Gooi water in 'n 500 ml-maatsilinder totdat dit halfpad vol is.
3. Plaas die maatsilinder op 'n tafel of lessenaar.
4. Maak seker dat jou oog in lyn met die oppervlak van die water in die silinder is. Jy sal sien dat die oppervlak van die water 'n afwaartse kurwe maak.
5. Lees die volume op die maatsilinder aan die onderkant van die kurwe. Die kurwe van die water word die meniskus genoem.




Die oppervlakte van die water word 'n MENISKUS genoem

Meet **VOLUME**
Wat is **volume?**
Dit is die **hoeveelheid SPASIE** wat 'n **voorwerp of stof opneem**.
Ons meet volume in **milliliters of liters**. (mℓ/ℓ)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Massa, bl 79

LAERSKOOL MIKRO

## Wat is massa?

**Massa** is 'n mate van die hoeveelheid materie in 'n stof. Ons meet massa in eenhede wat ons gram of kilogram noem. Ons kan gram verkort met g en kilogram met kg.

Massa is nog 'n eienskap van materie wat ons elke dag gebruik. Ons koop byvoorbeeld 1 kg suiker of 500 g meel vir 'n resep.



**Figuur 15** Hierdie skaal meet massa

## Hoe om massa te meet

1. Ons kan ons eie massa meet wanneer ons op 'n skaal staan. 'n Skaal is 'n soort massameter. 'n Massameter is 'n instrument om massa mee te meet.
2. Plaas die massameter op 'n plat oppervlak.
3. Maak seker dat die lesing op die massameter op nul is voordat jy begin.
4. Plaas die voorwerp wat jy wil meet, op die massameter.
5. Lees die massa deur reg voor die massameter te staan en direk na die lesing te kyk.

Meet **MASSA**
Wat is **Massa**?
Dit is die **hoeveelheid materie in 'n stof**.
Ons meet dit in kilogram of gram.
Ons koop bv. 1kg suiker.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Volume en massa: video

https://www.youtube.com/watch?v=zoEEZmVPITs

# Volume en kapasiteit: video

https://www.youtube.com/watch?v=GKCE8ohIBqE

Toetsinstruksies volg

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hersieningstoets op Donderdag, 21 Mei

## (Dit kan van `n selfoon af gedoen word.)

- Gaan leer jou werk vanaf onderwerp 5 – 7.
- Jy mag nie jou boeke by jou hê nie.
- Jy mag nie die toets voor Donderdag aflê nie. Dit maak eers Donderdagoggend 10:00 oop en sluit weer die aand.
- Ons kan aanlyn sien wie voor die tyd daarop was.
- Maak seker dat jy alle woorde reg spel om jou punte te kry.
- Alle woorde moet met klein letters geskryf word tensy dit `n eienaam moet wees.
- Vra jou ouers om jou te help om dit onder toetsomstandighede te skryf. Jou ouers mag nie vir jou help met die antwoorde nie.
- Daar is `n eerlikheidsklousule in die toets.
- Slegs die eerste toets van die leerders sal inaggeneem word m.a.w. jy lê net een toets af.
- Jou punt en die regte antwoorde sal aan die einde verskyn.
- Dit tel nie vir punte nie, maar dit gee vir ons `n baie goeie riglyn waar die probleme in die klas lê. Ons gebruik dit om verder te beplan.

Kliek hier om die toets te voltooi (Die toets gebruik ongeveer net 1mb – 3mb se data):

https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=OOG8b5a3sEy6ZPFxqQEAdbO6qvtgLG5FlQpBhzX8qO1UNUVZVTJRR0c3Skg1WkFQUDhBV1dVWVZJVy4u